Jong predikante en taakspanne

Die Moderamen het in Augustus 2019 besluit dat jong predikante (predikante wat **35 of jonger** is) genooi moet word om in waarnemende hoedanigheid deel te word van sinodale taakspanne.

Die Moderamen het verder versoek dat jong predikante, volgens hulle belangstelling, en in samewerking met die onderskeie taakspanne, **twee-twee ingedeel** moet word by hierdie taakspanne.

Hierdie jong predikante sal dan periodiek deur die Moderatuur **gesirkuleer** word om dit vir almal moontlik te maak om soveel as moontlik blootstelling aan verskillende taakspanne te kry. Hierdie proses sal ook die lede van die moderatuur en taakspanne blootstelling gee aan die opinies en insigte van jonger predikante.

Die Moderamen het verder besluit dat reis-en verblyfkoste aan jong predikante betaal sal word.

Die Moderamen het ook versoek dat hierdie inisiatief teen die tyd van die volgende vergadering van die Moderamen (Maart 2020) geïmplementeer moet wees.

Die Moderatuur het hierdie besluit van die Moderamen in September 2019 'n stappie verder geneem en besluit (BESLUIT 2019/54) dat indien taakspanne se reglemente dit toelaat, hierdie jong predikante as volwaardige lede gekoöpteer kan word.

Jong predikante word vriendelik versoek om meegaande vorm te voltooi en sou gou moontlik aan Elmien Theron te stuur (ngkadmin@kaapkerk.co.za).

Skakel gerus die Predikant in Sinodale Diens (soos aangedui) om meer te wete te kom van taakspanne in 'n spesifieke diensgroep.

1 DIENSGROEP VIR BARMHARTIGHEID

PSD:	Ds Nioma Venter	076 553 1831	nioma@kaapkerk.co.za
Voorsitter:	Ds Jampie Nel	083 430 4075	jampienel@gmail.com

1.1 Gemeentediakonaat

1.2 VIGS-taakspan

Die Vigstaakgroep het een vergadering per kwartaal.

Gesamentlike Vigstaakgroep

Die Gesamentlike Vigstaakgroep is deel van die diensgroep Diaconia en bestaan tans uit die Calvyns Protestante Kerk van Suid-Afrika (CPKSA), die VGK Kaapland en die NG Kerk (Wes-Kaap). Ons is opgewonde en dankbaar oor die goeie samewerking tussen die verskillende kerke.

Terwyl meer as 7 miljoen mense in Suid-Afrika met MIV leef en byna 600 mense daagliks in Suid-Afrika met MIV geïnfekteer word, is die taakgroep se aktiwiteite grootliks daarop gefokus om te verseker dat MIV en Vigs op die agenda van ons kerke bly.

Die taakgroep se visie is om 'n liggaam te wees wat op 'n volhoubare manier die kerk herinner, ondersteun, bemagtig en aktiveer in hulle reis met MIV.

Ons doen dit deur:

- Die beskikbaarmaking van spesiale liturgieë vir Vigsherdenking Sondag en Wêreld Vigsdag
- Te herinner aan ons kerke se gesamentlike Vigsverklaring
- Bewusmaking deur Vrydagnuus en sosiale media
- Opleiding om predikante te bemagtig as Kerke, Kanale van Hoop fasiliteerders.

2 DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEGELEIDING

PSD:	Ds Theunis Botha	082 896 2089	pastor@sun.ac.za
Voorsitter:	Ds Bossie Muller	083 457 2348	whbmuller@mylan.co.za

2.1 Gemeentebegeleiding

Die Taakspan gemeentebegeleiding kom een keer per kwartaal byeen.

Ons taak is om die proses- begeleiding van die sinode aan gemeentes van die NG sowel as VG kerk te koördineer en te ontwikkel. Tydens die vergaderings word gemeentes of spesifieke gevalle nie bespreek nie. Dit word vertroulik hanteer in 'n protokol vergadering saam met sekere personeel wat spesifiek betrokke is by gemeentes vanuit hulle hoedanigheid.

Die taakspan konsentreer hoofsaaklik op die metodieke wat beskikbaar is en ontwerp nuwe metodieke soos nodig. Die aanbod aan gemeentes word ook deurlopend evalueer en opdateer. Die taakspan is verder verantwoordelik vir navorsing met betrekking tot gemeente begeleiding asook die opleiding van begeleiers hetsy ad hoc begeleiers of brugleraars.

2.2 Jeug- en Familiebediening

Die taakspan vir Jeug en Familiebediening kom elke kwartaal vir twee dae bymekaar.

Ons koördineer alle projekte wat onder Jeug en Familie resoneer, soos die Jong Volwasse Leer Gemeenskap, KIX Kinderbediening en #imagine Suide. Die taakspan is ook betrokke by die SACC (South African Council of Churches).

Verder begelei ons gemeentes met hul jeug- en familiebediening en ontwikkel hulpmiddels soos die OnsGlo toep. Ons rus die jeug ringsverteenwoordigers toe en ontwerp VBO en ander toerustingsgeleenthede. Dan koördineer ons ook netwerke soos die Familie Netwerk en die DinkJeug elektroniese netwerk.

Daar word van lede verwag om die vergaderings by te woon, asook om aktief deel te neem aan ontwikkelingswerk, fasilitering of toerusting.

2.3 Nuwe Geloofsgemeenskapontwikkeling (NGGO)

Die roeping van NGGO is om saam, as familie van missionale kerke, by God se sending in die wêreld betrokke te wees deur nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel.

Die taakspan/raad:

Behartig die visionering, mobilisering en kommunikasie van alle sake wat verband hou met NGGO;

Kernfunksie: Pro-aktief die vlaggie van NGGO in sinodes en gemeentes opsteek;

- Vergaderings van sinodes, ringe en gemeentes
- Besoeke, blootstelling – roadshow
- Media
- MSI

Verantwoordelik vir die ontwikkeling van opleidingsmateriaal sowel as die aanbied van opleidingsgeleenthede waar lidmate, kerkraadslede, predikante toegerus kan word om NGGO's te vestig;

Kernfunksie: Ontwikkeling van opleidingsmateriaal vir SA konteks en die aanbieding van opleiding vir NGGO vir individue en gemeentes

- MSM kursus
- Seminare en werkswinkels
- Akkreditering van aanbieders
- "Coaching" kursusse - Begeleiding v bestaande NGGO's te help
- Ontwikkeling van nuwe opleidingsmateriaal

Vestig vennootskappe, netwerke en ander samewerkingsgeleenthede met alle die rolspelers binne sinodale- en ekumeniese verband met die oog op effektiewe NGGO's;

Kernfunksie: Pro-aktiewe betrokkenheid by andere in die veld van NGGO

- Blootstelling van NGGO aan andere
- Skep netwerke en vennootskappe
- FE : UK en RSA

Bied deurlopend begeleiding en ondersteuning aan kerkrade, ringe en NGGO ontwikkelaars;

Kernfunksie: Fasilitering by gemeentes/spanne voor vorming van NGGO en daarna en voortgaande fasilitering en afrigting van individue en spanne

- Klankbord
- Afrigting en konsultasie en mentorskap
- Onderskeiding
- Pastoraat
- Finansies-ontginning en infrastruktuurontwikkeling fasiliteer
- Skakeling en netwerke fasiliteer

Verantwoordelik vir navorsing wat verband hou met NGGO.

Kernfunksie: Enige navorsing wat NGGO bevorder

- Demografies: streek, ring, gemeente
- Kerkreg - NG en VGK samewerking en uitklaring van hindernisse tov NGGO
- Inklusiewe gemeentewees

Ontgin finansiële hulpbronne vir die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe en infrastruktuurontwikkeling;

Kernfunksie: Om finansiële hulpbronne te identifiseer en te ontgin met die oog op befondsing van werksaamhede van NGGO.

- Skakeling met sinodes
- Insamelingsprojekte
- Advies/inligting wat vir gemeentes en projekte beskikbaar gestel word vir ontwikkeling van fondse en infrastruktuur.

2.4 Predikantebegeleiding

Die Taakspan vergader vier keer per jaar.

Die werksaamheid van die Taakspan is oorsigtelik. Dit is om saam met die Predikant in Sinodale Diens (PSD) die stand van sake in oënskou te neem rakende die doelstelling:

- om predikante te ondersteun, toe te rus en te begelei tot veerkragtigheid binne ’n verskuiwende konteks, wat persoonsontwikkeling én geloofsgroei behels;
- om kennis maar ook houdings en gewoontes en vaardighede te ontwikkel wat kreatiwiteit en verbeeldingskrag stimuleer;
- om met predikante intensioneel te bou aan kapasiteit wat innovasie en daarom transformasie tot gevolg het;
- om ’n pastorale ontmoetingsruimte deurentyd aan te bied.

Terugvoer van beide die stand van sake in die VGKSA as NGK word ontvang. Agendapunte is deurgaans – makro en mikro konteks, welstand van dominees, vakatures, beroepe en pastoraat. Tendense word waargeneem en daar word strategies besin.

2.5 Vrouebediening

Die Sinodale Taakspan: Vrouebediening help gemeentes om veilige ruimtes te skep vir weerloses sodat almal in die kerk en gemeenskappe waarin ons is, kan floreer.

Ons wil graag vroue oor generasies en ander grense heen met mekaar verenig. Ons doen dit deur stereotipes af te breek en vroue te motiveer om by mekaar te leer, genesing te ontvang en geestelik

te groei. Ons glo dat ons geroep is om 'n stem te wees teen misbruik van weerloses en geslagsgebaseerde geweld.
Van die Taakspan lede word ook verwag om die roeping van STV uit te leef. Ons doen ook die Geloofsreis (Vroue met vlerke) in gemeentes, en ook ander fasiliteringswerk wanneer ons genooi word. Die lede wat beskikbaar is, help ook van tyd tot tyd hiermee.
Die Taakspan vergader een keer per kwartaal en van die lede word verwag om hierdie vergadering by te woon.

2.6 #imagine

Hierdie projekspan resoneer onder die Taakspan: Jeug- en Familiebediening. Dit bestaan uit predikante van verskillende gemeentes wat verantwoordelikheid neem vir die organisering en koördinering van die #imagine Suide fees vir tieners en jeugleiers. Die fees vind jaarliks gedurende die Maart skoolvakansie in Bredasdorp plaas. Tieners van 80 dorpe en 60 denominasies woon dit by. Hierdie projekspan funksioneer dus interkerklik. Die koördineringspan kom in die eerste drie maande van die jaar gereeld bymekaar. Die sub-spanne kom bymekaar soos nodig en sluit in: program, musiek, bemarking, registrasie, logistiek, werkswinkels, opvolgwerk en #imagine kidz.

3 DIENSGROEP VIR GETUIENIS

PSD:	Dr Kobus Odendaal	082 732 4752	missio@kaapkerk.co.za
Voorsitter:	Ds Danie Möller	083 375 8444	daniem@nghelder.co.za

3.1 Arbeidsbediening

Arbeidsbediening fokus op die bedieningsuitdagings in die konteks van arbeid en ekonomie.
Ons doen dit deur middel van die volgende:
Die hoofdoel van die Arbeidsbediening, is om deur middel van **Evangelisasie** (Woordverkondiging – nie-gelowiges en gelowiges wat afgedwaal het), **Dissipelskap** (pad van toerusting om nie-gelowiges te begelei om tot volwassenheid in hul geloof te kom), **Mentorskap en Bemagtiging**, aktief tot die wêreld van werk toe te tree en **geestelike opheffing en ondersteuning** van mense, te verseker. **Pastorale sorg/Trauma-berading** help/begelei die getraumatiseerde om die trauma te integreer en so los te kom van die insident bv. SAPD of enige plek van werk. **Toerusting en opleiding** om jeugdiges gereed te maak vir die wêreld van werk asook om werknemers en werkgewers met leierskap en lewensvaardigheidsprogramme toe te rus.

Fokusgroepe:

- Handel en Nywerheid met ander woorde enige plek van werk
- Biblia – bediening aan vissers plaaslik
- Biblia – bediening aan seelui en vissers (buitelandse skepe wat die hawens binnekom)
- Transnet – bediening op die treine en kantore op stasies en Transnet kantore

Die Uitvoerende Bestuurskomitee vergader 2 keer per jaar en die Dagbestuur elke tweede maand indien moontlik.

Die Bestuurskomitee se rol en funksie in samewerking met die Streeksbestuurder van Arbeidsbediening is:

- Hul tree op binne die raamwerk van die konstitusie, beleid en prosedures van die bediening
- Hul is 'n ambassadeur/belanghebbende van die bediening en dan verantwoordeik vir die leierskap en bestuur daarvan
- Hul moet finansiële, morele en etiese verantwoordelikheid t.o.v. die volhoubaarheid van die bediening neem:
  - Strategiese leierskap beoefen
  - Effektiewe kommunikasie met belanghebbendes
  - Risiko's pro-aktief bestuur

- Die bestuurskomitee moet die veranderende omgewing deurlopend identifiseer en in ag neem, ten einde risiko's te bestuur

3.2 Familie ekumene binne en buite Afrika

Die span vergader vier keer per jaar waarvan drie telefonies.
Getuienisaksie het 'n lang geskiedenis van sendingwerk in Afrika. Uit die werk het selfstandige kerke ontstaan waarmee vennootskapooreenkomste gehandhaaf word. Noue verhoudinge word gehandhaaf met ons susterkerke in Malawi, Mosambiek, Zimbabwe. Ons het ook kontak met ons susterkerke in Kenia en Nigerië. Die Reformed Family Forum bring 15 van ons susterkerke byeen en jaarliks vergader die algemene sekretarisse om onderlinge samewerking te bevorder. Gereelde besoeke word aan ons susterkerke gebring.

3.3 Ekologie

Die projekspan vergader twee keer per jaar in persoon maar is deurlopend in gesprek oor aksies wat geloods word.
Die span fokus op die vestiging van 'n lewenstyl van gemeentelede en spesifieke aksies in en deur gemeentes om meer verantwoordelik om te gaan met al ons natuurlike hulpbronne, ons omgewing, diere en plante-lewe en die klimaat. Die verbanning van enkelgebruik plastieksakke en die daarstel van permanente dra-houers vir inkopies, geniet voorkeur-aandag. Die span werk nou saam met Publieke Getuienis wat via publieke strukture poog om wetgewing teen enkelgebruikplastiek daargestel te kry.

3.4 Sentrum vir Publieke Getuienis (SPG)

Die Sentrum vir Publieke Getuienis se taakspan vergader vier keer per jaar.
Die SPG taakspan bestaan uit lidmate en leraars van die VGK en die NGK. Die Sentrum fokus op Publieke Teologie met 'n spesifieke fokus op sosiale kohesie en sosiaal-maatskaplike uitdagings. Sake wat bespreek word, is onder meer:

- Die huidige situasie in die land en die kerk se rol
- Sosiale kohesie en die skep van dialoog forums in dorpe regoor die land
- Die vestiging van ekumeniese netwerke in die Wes-Kaap
- Die 5 groot uitdagings wat ons in die gesig staar: behuising, sosiale kohesie, armoede en relevante vaardighede, ekologie en relevante geloof
- Die Hoop en Versoening Trust (PBO wat fokus op landelike ontwikkeling en vroeë kind ontwikkeling
- Bevorder Ekologie op publieke terrein deur aandrang by die wetgewer vir toepaslike wetgewing. Daar word nou saamgewerk met SAFCEI.
- Evangelisasie toerusting in hedendaagse konteks

3.5 Getuienis in en deur gemeentes

4 DIENSGROEP VIR ONDERSTEUNINGSDIENSTE

PSD:	Ds Bossie Minnaar	083 270 5211	bossie@kaapkerk.co.za
Voorsitter:	Ds André Agenbag	082 828 6704	agenbag1@gmail.com

4.1 Sinodale Taakspan vir die Argief (STA)

Die STA vergader minstens vier keer per jaar.
In ooreenstemming met die karakter van die kerk, het sy argief- en museumarbeid primêr 'n skriftuurlik-teologiese grondslag. Eerstens is dit dus op teologies-wetenskaplike en daarna op sekulêr-wetenskaplike diens ingestel. Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op 'n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit.

Die kerk se argief huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm. Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie- enig in en deur sy kerk in ’n bepaaldegebied. As dienaar van die kerk, het die argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk. Die argiefbewaarplek en museum is ’n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie.
Die STA het onder andere die volgende taak:

- As dienaar van die kerk, het die argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk, sodat die kerk sy funksies op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse kan voortsit.
- Die STA is in die besonder geroep om die argief as ’n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie, in stand te hou en uit te bou.
- Die STA sien toe dat die argief ook die skriftelike en ander getuienisse, wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm, huisves.
- Die STA sien toe dat die argief die statutêre verpligtinge namens die kerk nakom in die bewaring van inligting en argivalia. Die STA sorg vir ’n bygewerkte beleid en riglyn vir die bewaring van argivalia en inligting vir gebruik deur sowel die sinodale strukture, as deur ringe en gemeentes.

4.2 Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD)

Die STD vergader minstens drie keer per jaar.
Die STD se opdrag is om uitvoering te gee aan die sinode se roeping en strategie in soverre dit die doeltreffende benutting, bestuur en versorging van sinodale personeel aangaan.
Die STD se mandaat sluit onder andere die volgende in:

- bestuur die diensverhoudinge van die sinode en sy werknemers;
- lewer strategiese insette rondom die vul van poste van amptenare;
- besluit in samewerking met die SKS oor vakatures van amptenare;
- ontwikkel en implementeer ’n personeelbeleid ooreenkomstig die sinode se roeping, beleid en strategie;
- ontwikkel en implementeer alle dienskontrakte van werknemers in diens van die sinode;
- verseker dat daar vir alle personeel duidelike en opgedateerde taakomskrywings en ontwikkelingsplanne is;
- gee uitvoering aan alle diensooreenkomste van werknemers in diens van die sinode;
- evalueer deurlopend die personeelbeleid en die implikasies van die arbeidsreg en die Kerkorde op diensverhoudinge;
- doen aanbevelings oor vergoeding;
- skakel met die Algemene Sinode se Taakspan: Diensverhoudinge ;
- is verantwoordelik aan die moderamen; en
- verleen advies ten opsigte van diensverhouding aangeleenthede aan gemeentes.

Die samestelling van die taakspan vereis beslis persone met goeie kommunikasie- en mensvaardighede. Persone met praktiese kennis en ervaring van personeelbestuur word sterk aanbeveel. In kort, persone met wysheid, met die gawe om verhoudings te bou en om te sien na personeel, is nodig.
Van belangstellende lede verwag ons die volgende:

- betrokke by gemeente se personeelaangeleenthede te wees;
- klein bietjie kennis van arbeidsverhoudinge beskik;
- darem weet wat in gemeente se personeelbeleid staan;
- die Bestuursgids vir Diensverhoudinge onder oë geneem het.

4.3 Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE)

Die STE vergader minstens vier keer per jaar.

Die STE se taak onder andere die volgende:

- sien toe dat die instandhouding van alle eiendomme na behore geskied;
- sien toe dat alle eiendomme na behore verseker is en kontroleer jaarliks dat sodanige versekering markverwant aangepasword;
- dra sorg dat gebruik en huurooreenkomste behoorlik opgestel, bekragtig en uitgevoer word en jaarliks hernu word;
- doen aanbevelings aan die Sinodale Taakspan Finansies en Administrasie en die moderamen/sinode oor die koop en verkoop van eiendomme;
- ondersteun diensgroepe en instansies van die sinode om toegewysde eiendomme optimaal te benut; en
- bepaal riglyne vir en maak aanbevelings aan die moderamen/sinode oor ontwikkeling en strukturele veranderings met betrekking tot alle eiendomme van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

4.4 Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA)

Die STFA vergader vier keer per jaar op ’n Vrydagoggend.

Die taakspan is verantwoordelik vir die Sinode se begroting, geouditeerde finansiële state, beleid, deuroffers, Gemeenteondersteuningsfonds. Die taakspan is onder andere verantwoordelik vir:

- die bestuur en beplanning van die administrasie van die sinode;
- die administrasie en bestuur van fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die saakgelastigde;
- die hantering van alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, in samewerking met die Sinodale Taakspan Regte, namens die sinode en diensgroepe/taakspanne van die sinode;
- die finansiële beplanning en strategie van die sinode;
- die bestuur van die sinode se fondse sodat die roeping van die sinode prioriteit geniet;
- die bestuur van die sinode se fondse sodat gemeentes, diensgroepe en taakspanne in staat gestel word om hulle roeping uit te leef;

4.5 Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK)

Die STK vergader vier keer per jaar (gewoonlik op ’n Dinsdagoggend).

Die taakspanlede ondersteun die kommunikasiekantoor se aktiwiteite en lewer insigte op spesifieke onderwerpe waar nodig. Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie is verantwoordelik vir:

- die opstel van ’n kommunikasiebeleid (in samewerking met die moderatuur);
- sinodale kommunikasie deur middel van die sinode se kommunikasiemedia;
- die ontwikkeling van ’n kommunikasiestrategie asook gereelde evaluering en -aanpassing daarvan;
- die uitvoering van die kommunikasiebeleid en -strategie sowel as die toesig oor die werk van die taakspan se personeel.

4.6 Regskommissie

Die regskommissie vergader minstens vier keer per jaar.

Die volgende take en verantwoordelikhede word aan die Regskommissie opgedra:

- Na afloop van elke Algemene Sinode, verwerk die Regskommissie die besluite wat verandering aan die reglemente mag vereis, en lê dit aan die sinode/moderamen voor vir goedkeuring en publikasie.
- Na afloop van elke gewone sinode is die Regskommissie saam met die aktuarius verantwoordelik vir die voorbereiding, samestelling en publikasie van ’n bundel wat die Kerkorde aanvul met reglemente, vorms en ander funksionele besluite.
- Die Regskommissie bedien ander kerkvergaderinge, waar dit verlang word, met advies in sake en navrae van kerkregtelike aard.
- Alle beskrywingspunte wat betrekking het op die reglemente, moet nagegaan word om die sinode hieroor met advies te bedien.
- Die Regskommissie maak ’n studie van sake wat deur die sinode/moderamen na hom verwys is.

- Hersien die reglemente van die sinode en berei dit voor vir voorlegging aan die sinodevergadering.
- Alle bevoegdheidsaansoeke wat voor die moderamen dien, word nagegaan en die moderamen word met kerkregtelike advies daaroor bedien.
- Staan ringe en gemeentes by met hulp en advies oor kerklike ondersoeke.
- Skakel oor kerkregtelike sake met ringe en gemeentes en hou toerustingsgeleenthede van kerkregtelike aard, indien nodig.
- Maak deurlopend ’n studie te maak van die Kerkorde en reglemente in die lig van gereformeerde kerkreg en kerkregering en bedien die sinode met aanbevelings hieroor.
- Hanteer regsake namens die sinode, in samewerking met die Sinodale Taakspan Fondse en Administrasie.
- Werk met die Algemene Taakspan Regte saam in die deurlopende aanpassing en ontwikkeling van die Kerkorde en reglemente.
- Dien as die sinode se skakel met die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR).
- Die Regskommissie win, indien nodig, regsadvies in op koste van die sinode.

5 DIENSGROEP VIR TOERUSTING EN NAVORSING

PSD:	Dr Frederick Marais	083 701 7011	jfm@sun.ac.za
Voorsitter:	Ds Heerden van Niekerk	083 380 1657	hvn@cast-sa.co.za

5.1 Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS)

AMSS is ’n ruimte waar mense verwelkom word om stilte word voor die Here en waar groepe en taakspanne kan werk binne die ritme van Spiritualiteit oefening. Die sentrum beskik oor Huis Sameul met ongeveer 40 gastekamers, ’n kapel, die Jubileum saal vir konferensies, ’n ruim perseel vir stil-word en gebed asook Clairvaux – die huis van Dr Andrew Murray waar navorsingsgeleenthede aangebied word. Die Kapelmeester lei die spiritualiteitvorming wat hier gedoen word.

5.2 Gender

Die Gender geregtigheidstaakspan begelei die kerk om ’n bewussyn te ontwikkel van geregtigheid teenoor vroue. Dit sluit in taalgebruik, aanstellingspraktyke en hantering van gevalle van seksuele teistering.

5.3 Kuratorium

Die Kuratorium hou toesig oor die Teologiese opleiding van kandidate vir die bediening. Hulle werk nou saam met die Dosente van die fakulteit Teologie en in besonder van die NG Dosenteraad. Die Seminarium wat verantwoordelik is vir persoonlike en bedieningsvorming is ook deel van die werk van die Kuratorium.

5.4 Leer- en Aktuele Sake

Leer en Aktuele sake doen navorsing oor Teologiese kwessies en etiese aangeleenthede om die Sinode te adviseer in hulle begeleiding van gemeentes en beleidsbesluite.

5.5 Ras en Versoening

Die Taakspan vergader een keer per kwartaal, en afsonderlike portefeuljes vergader soos nodig.
Die Taakspan Ras en Versoening het ontstaan vanuit ’n VBO wat in Februarie 2018 in samewerking met Wilhelm Verwoerd ontwikkel is. Die VBO het gefokus op “witwerk” as ’n weg tot dieper versoening, en is gebore uit ’n ervaring dat gemeente predikante nie die kapasiteit of vaardighede het vir rasse versoening nie. “Witwerk” verwys na die ontwikkeling van ’n selfkritiese, nederige, restitusionele historiese bewussyn van die voortdurende, multi-dimensionele mag en bevoordeling wat met “witwees” in Suid-Afrika gepaard gaan.

Die Taakspan bestaan uit ’n dagbestuur, wat die administratiewe verantwoordelikhede dra, en ander lede vorm ’n leergemeenskap en kan inskakel by een van die volgende fokus areas nl. VBO, Materiaal Ontwikkeling en Navorsing, Fasilitering en Projekte.

5.6 Spiritualiteit

Spiritualiteit doen navorsing oor die aard van Gereformeerde spiritualiteit en is verantwoordelik vir die aanbied van Geestelike vormingsprogramme en die begeleiding wat gedoen word by die Andrew Murray sentrum vir Spiritualiteit (AMSS).

5.7 VBO

Die VBO Taakspan het hom ten doel om die huidige VBO program te evalueer, nuwe ontwikkeling en navorsing van kennis te neem en dan insette te lewer met die samestelling van die VBO Program vir die volgende jaar.

Besluite word deur die Taakspan geneem ten opsigte van fooie, begroting en inhoud, en so genotuleer.

Die Taakspan vergader twee keer per jaar tydens ’n VBO Indaba van twee dae. Die Dagbestuur bestaan uit drie lede en vergader vier keer ’n jaar (elke kwartaal) saam met VBO Koördineerder.

Daar word van lede verwag om die geskeduleerde vergaderings by te woon en dan ook insette te lewer ten opsigte van sake op die tafel.

- o0o -